# TAFNUUS: November 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

Iemand wat ek goed geken het het jare terug teenoor my genoem. In al sy 80 jaar in die Kaap het hy ervaar dat die Kaap het net 4 somersmaande(Des, Jan ,Feb en Maart) - die  res is maar kouerig..... . Nou ja of ‘n mens dieselfde ervaring as hy het of nie, ek dink dis die Kaap se wisselvalligheid wat hom so fotogenies maak**.** Daar is altyd fotogeleenthede, maar jy moet uitgaan en hulle gaan soek. Hulle kom nie op die televisie aangesweef nie.

Oktober was daar verskeie geleenthede om goeie fotos te gaan neem. Daar was n Supermaan(ongelukkig was dit met volmaan op die skiereieland bewolk)**.** Dan was daar die gelukkiges wat die suiderligte afgeneem het en hulle het omtrent gespog met pragtige fotos. Ek sien dit is 15 November volmaan en dan is daar weer geleentheid om goeie maanlandskap fotos te neem. Ek lees by Photopills dat Nov se sterrekonstelasies ook goeie geleenthede bied. In September en Okt was daar weer baie van ons lede (lees-afgetredenes) wat die tyd van die jaar gewoonlik die Kgalagadi en Kruger Wildtuin besoek- ons kyk uit vir hulle goeie fotos.

## 1. KLUB PRESTASIE:

### 1.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):**

- Die syfers is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. **Baie geluk aan elkeen!!!**

| Naam | Centurion | Randburg |
|---|---|---|
| Neels Beyers | 4 | 2 |
| Andre de Koker | 1 Meriete en 2 | 3 |
| Christo Giliomee | 1 Meriete en 7 | 6 |
| Niel Goslett | 1 Meriete en 10 | 2 Meriete en 4 |
| Quintus Heine | 4 | 2 |
| Theo Potgieter | 6 | 2 |
| Juliana van Dyk | 1 Meriete en 5 | 7 |
| Adriaan v Zyl | 1 Meriete en 5 | 5 |
| Karen v Zyl | 6 | 1 Meriete en 4 |
| Mariana Visser | 1 Silwer med,1 Meriete en 2 | 5 |

## 2 WEN-FOTO'S VAN Oktober 2024- Tema – Vaste kategorie: Menslike portretfotografie

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Sailor in Storm – Quintus Heine**<br>**Wenner: Prints en mede-Maandwenner** | **Transbaviaans: Adriaan van Zyl**<br>**Wenner :Ope Kategorie en mede-Maandwenner** |
|  |  |
| **Bosnimpf: Elke van Jaarveld- Wenner Vaste kategorie en Junior wenner** | **The red telephone booth – Niel Goslett**<br>**2de Ope kategorie** |
|  | |
| **Tafklub portrait shoot: Hendi Barnard**<br>**2de Vaste Kategorie** | |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!** Hierdie keer het die beoordelaar twee Maandwenners aangewys.

## 3. UITSTALLING IN NOVEMBER

**Wes Kaap foto-fees begin 9 November**

Die WCPF se foto-fees begin 9 November by die PJ Olivier Art Centre in Stellenbosch. Paarl Fotoklub is die jaar gasheer. Klubs se inskrywing is beperk tot 20 fotos en **ons het 20 lede se fotos ingeskryf**. Ons kon ook nie fotos inskryf wat reeds hierdie jaar by die PSSA se interklub kompetisie ingeskryf is nie. Ons wens ons kon almal se fotos inskryf, maar ons is byna 50 in die klub. Die uitstalling begin Saterdag 9 Nov. om 12:00. Ons nooi lede uit om dit asb. by te woon.

## 4. PROGRAM 2024

Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. www.tafklub.co.za

## 5 NOVEMBER 2024: BYEENKOMSTE

5.1 **Kompetisie Oktober:**

- Die maand se klubkompetisie is **19 November** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **13 November.**

  Die vaste tema is: **Nature Images of Birds** en die beoordelaar is Quintus Heine**.** Onthou dat foto's in die vaste kategorie mag nie ouer as 24 maande wees nie.

  **Definisie:** Let asb. op die definisie hieronder:

  **Nature images of Birds - subjects may be in controlled conditions. Photographs of feral/domestic/farm birds or mounted specimens are ineligible. Human elements, if present should not detract from or overpower the subject. Manipulation is NOT allowed**

  **(Dit beteken: Voels moet in natuurlike habitat afgeneem wees. Dit mag wel in 'n gekontroleerde omgewing soos 'n wildtuin wees.**
  **Wat is nie toelaatbaar nie? - Voëls wat wild geword het –na gevangenisskap(soos stadsduiwe)/ troetelvoels (gevangenisskap)/pet-birds / plaasvoels(soos voels wat afhanklik is van boerdery aktiwiteite.) of gemonteerde voëls – Dis alles nie toelaatbaar is nie ).)**

5.2 **Vaardigheid.** Op **Dinsdag 5 November** gaan ons leer wat jy nog alles (besigheid...?) met jou fotografie te maak. Nick Joubert gaan vir ons help en al ons vrae beantwoord. Hy gaan ook vir ons wys in watter kwaliteit ons prints moet wees. Indien jy enigsens naby is, is dit beter om dit in persoon by te woon om die prints te beskou.

- **Byeenkomste:**

  **Let wel dat ons byeenkomste by Logos (en Zoom) is en dat daar nou weer prints beoordeel word. ONS SIEN UIT OM ALMAL DAAR TE ONTVANG**

  **Vir die lede wat naby genoeg woon wil ons aanmoedig om die die lewend byeenkomste by te woon. Ons het die afgelope maand weer gesien. Dis net lekker om almal bymekaar te wees , goeie interaksie te hê en saam te kuier na die tyd.**

## 6. "NATURE IMAGES OF BIRDS" IS NOVEMBER SE KOMPETISIE TEMA:

**Hier is 'n paar inleidende rigtingwysers**:

Goeie voëlfotografie is van die moeilikste tegnieke om te bemeester maar kan baie lonend wees. Dit neem baie oefening en tegniese vaardighede om reg te kry.

Die volgende sleutelelemente is belangrik. Gaan lees oor elkeen van die elemente op die internet en kyk na videos beskikbaar. Hierdie is slegs inleidende opmerkings.

- **Toerusting:** Ongelukkig is toerusting om voëls af te neem nie goedkoop nie, maar jy kan nie daarsonder nie. ‘n Kamera wat n vinnige sluiterspoed per sekonde gee is vir bewegende onderwerpe is noodsaaklik. 'n Tele-fotolens (minstens 300 mm en langer) is dikwels nodig om gedetailleerde foto's van 'n afstand vas te vang. Voëls wat vlieg moet jy met ‘n sluiterspoed van minstens 2500 plus afneem. Veral as jy al die beweging vries en ‘n skerp foto wil bekom. Omdat voels so klein is wil jy met jou lens so naby moontlik kom om die fokus en skerpheid vas te vang.
  (Indien jy egter iemand is wat slegs fotos van voëls wil dokumenteer soos jy hulle sien, is n goeie portretfoto van ‘n voël voldoende. Hiervoor het jy nie ‘n vinnige kamera nodig nie en sal ‘n goeie brugkamera voldoende wees. Dit hang dus alles van jou behoefte af. )

- Beligting: Vroegoggend of laatmiddag bied die beste natuurlike lig. Die sagte goue skakerings kan jou beelde verbeter.
- Samestelling: Gebruik die reël van derdes om jou onderwerp te posisioneer. Sluit elemente soos takke of blare in om 'n gevoel van konteks te skep.
- Geduld: Voëls kan onvoorspelbaar wees. Spandeer tyd om hul gedrag waar te neem om hul bewegings te antisipeer.
- Agtergrond: 'n Skoon agtergrond help jou onderwerp uitstaan. Soek vir 'n netjiese omgewing of gebruik 'n wye hoek om afleidings te vervaag. Agtergrond wat te besig is neem die aandag van die voëls weg.
- Fokus: Gebruik deurlopende outofokus om jou onderwerp skerp te hou, veral as hulle in beweging is. Elke kamera se stellings hieroor verskil . Maak seker dat jy jou kamera verstellings oor outofokus verstaan.
- Steurnisse: Verminder geraas en skielike beweging om voëls nie af te skrik nie. Kamoeflering van jou lens of kleredrag is aan te beveel. Dan kan jy naby wees sonder om hulle te steur.
- Oefen: Hoe meer jy skiet, hoe beter sal jy word. Eksperimenteer met verskillende instellings en omgewings. Hoe meer jy oefen hoe meer kan jy al die verskillende verstellings op jou kamera vinnig verander sonder om te kyk. In voëlfotografie is dit noodsaaklik.
- Natuurlike habitat: Om voëls in hul natuurlike habitat vas te vang is belangrik en ook ‘n heerlike avontuur.
- **Wat is die eienskappe van ‘n goeie natuur foto vir kompetisies**? Voëls moet altyd helder, skerp en in fokus wees. Die oë, snawel en vere is almal belangrik. Indien daar aksie in die fotos is – wat die natuurlike storie van oorlewing vertel sal jy altyd ‘n beter punt kry. Iets wat die storie van diere se oorlewing vertel (vreet, vang, veg, vlug/vlieg) kry meestal voorrang bokant ‘n goeie portretfoto van ‘n dier of voël. Die konteks van die natuurlike habitat is altyd belangrik. Geen manipulasie word toegelaat nie, daarom moet jy van die begin af probeer om min steurnisse in die foto in te sluit.
- **Daar is in byna elke salon ‘n afdeling vir Voëlfotografie**. Dis is ook van die afdelings wat die meeste inskrywings trek. Fotograwe hou daarvan om voëls af te neem.Dit beteken –indien jy goeie punte of aanvaardings wil he moet jou fotos baie goed wees, want die kompetisie is straf.

- **Lees baie oor voëlfotografie. Daar is baie artikels en videos op youtube beskikbaar om jou te help.**

## 7. NUWE BESTUUR VIR 2025:

Harlike gelukwense vir die nuwe bestuur wat Okt verkies is om in 2025 leiding te neem. Ons wens is dat julle die klub tot goeie hoogtes en heerlike fotografie ervarings sal lei. Hulle is vir 2025 verkies , maar sal in Desember reeds vergader om jaarbeplanning te doen.

Voorsitter: Juliane van Dyk
Ander lede :

- Quintus Heine
- Adriaan van Zyl
- Karen van Zyl
- Hendi Barnard
- Kathy Smith
- Martie Taljaard
- Theo Potgieter

## 8. JAARAFSLUITING:

Ons jaarafsluiting is 30 November 2024. Daar het reeds 35 mense aangedui dat hulle dit gaan bywoon. Ons versoek vriendelik dat almal voor 4 Nov die gelde (R150 pp) vir die aand sal inbetaal Indien daar nog iemand is wat dit wil bywoon , laat weet asb want ons wil nie iemand uitsluit nie. Ons sal probeer plek maak vir julle!!

## 9. BEPLANNING 2025:

Die nuwe bestuur sal in Desember vergader om die beplanning vir 2025 te doen en julle voor die einde van Des in kennis stel. Ek gaan n Whattapp uitstuur om lede te vra om idees voor te stel vir vaardigsheidsaande , kompetisietemas en uitstappies. Ons wil graag elkeen se voorstelle ernstig oorweeg.

## 10. FOTO VAN DIE JAAR

Ek gaan in die volgende week of twee ‘n epos uitstuur met al die kategoriewenners die afgelope jaar vanaf Nov 23 tot Okt 24 . Elke lid het slegs een stem om vir die fotos van die jaar te stem. Jy doen dit deur te “reply” op my epos. Elke stem is vertroulik daarom reply jy nie na “almal” nie
Op die einde is die fotos wat die meeste stemme kry die “Foto van die jaar” Die uitslag word tydens jaareinde bekendgemaak.

## 11 LAASTENS

*Dit is die 2de laaste maand van 2024 en ek wil jou aan moedig om meer en meer fotos te neem Neem jou kamera oral saam en neem al die mooi af! Dit sal jou gelukkig maak.*

*Mooi Loop!*

**Quintus Heine**